

HOOFSTUK 4

KEURING VAN RELEVANTE LEESSTOF VIR DIE BIBLIOTERAPEUTIESE PROSES

4.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die biblioterapeutiese proses, die doel van biblioterapie, vereistes vir suksesvolle biblioterapie en voor- en nadele daarvan bespreek. Daar is aangedui dat die keuring van leesstof 'n baie belangrike rol in die sukses van biblioterapie speel.

Hierdie hoofstuk word gewy aan die bespreking van die kriteria vir relevante leesstof vir die biblioterapeutiese proses.

Wanneer die kriteria vir die keuse van relevante leesstof bespreek word, is daar twee belangrike elemente waarvoor daar kriteria gestel moet word, naamlik:

- die leser
- die boek.

Om die regte boek en die regte kind by mekaar uit te bring, is essensieel vir sukses in die biblioterapeutiese proses. Hieruit blyk dit dan duidelik dat daar nog 'n element is waarvoor daar kriteria gestel moet word, naamlik die keurder van die leesstof.

4.2 BEGRIPSOMSKRYWING

Sekere begrippe rondom die keuringsproses gaan nou ter wille van groter duidelikheid omskryf word.

4.2.1 Keuring en evaluering

Evaluering en keuring sluit ten nouste by mekaar aan. Evaluering is die bepaling van die intrinsieke waarde van die materiaal terwyl keuring die vasstelling is of die materiaal in die behoeftes van individuele gebruikers voorsien (Katz 1980:89).

By keuring is die belangrikste aspek die bevrediging van die individuele gebruiker se behoeftes. Dit kan gebeur dat 'n verhaal wat hoog aangeslaan word tydens die evalueringsproses nie geskik is vir die biblioterapeutiese proses nie (Gericke 1985:6; Katz 1980:89). Prysenners is dus nie noodwendig geskik vir die biblioterapeutiese proses nie.

Die doel van keuring is om boeke in te sluit as gevolg van die kwaliteit van die skryfstyl en die totale impak daarvan (Huck *et al.* 1987:36). Keuring vereis 'n deeglike kennis van die bestaande materiaal.

4.2.2 Keuringskriteria

Keuring vind plaas omdat kinders beïnvloed word deur dit wat hulle lees en omdat alle boeke nie geskik is vir alle kinders van alle ouderdomme nie (Jalongo & Creany 1991:144).

Tydens die keuringsproses bring die keurder sy eie persoonlikheid, mening, ervaring, voorkeure en siening na die proses. Om te verhoed dat dit nie 'n beduidende invloed uitoefen nie, sal kriteria nodig wees. 'n Stel keuringskriteria wat algemeen geldend sal wees, moet dus onderskei word. Die keuringskriteria handel oor die inhoud van die verhaal en die gebruikers van die verhaal. Alhoewel die riglyne die keurders help om konsekwent te werk te gaan, moet dit nie rigied gevolg word nie. Die keurders moet sensitief bly vir die behoeftes van die gebruikers (Curley & Broderick 1985:43; Gericke 1985:24-25).

Keuring word dus nie alleen gegrond op 'n grondige kennis van die bestaande materiaal nie, maar ook op kinderontwikkeling en kennis omtrent die spesifieke kinders en hul agtergrond. Keuring ter wille van die biblioterapeutiese proses sal lewenskrisisse of normale ontwikkelingsprobleme wat die kinders ervaar op die voorgrond plaas. Met keuring word daarna gestreef om die regte boek by die regte kind op die regte tydstip uit te bring (Huck *et al.* 1987:32-33).

4.2.3 Keuringsproses

Om die plek van keuring en keuringskriteria in die biblioterapeutiese proses te verstaan, moet modelle vir die keuringsproses bestudeer word. Twee relevante modelle sal kortliks bespreek word.

4.2.3.1 *Atkinson se model van die keuringsproses*

Volgens Atkinson berus die keuringsproses op drie kontekste naamlik, 'n sintagmatiese konteks, konteks van suplementasie en kontekste van besluitneming.

a. Sintagmatiese konteks

Die bibliografiese verwysing of sitaat van die fisiese bron word deur Atkinson as vertrekpunt geneem. Binne die bibliografiese verwysing bestaan daar 'n kontekstuele verwantskap wat dit duidelik maak dat 'n element ander beïnvloed of deur dit beïnvloed word. Dit word in die model voorgestel deur die verbindingslyne tussen die elemente van die bibliografiese verwysing, naamlik outeur, titel, plek van uitgawe, datum, lengte en koste. Hierdie elemente beïnvloed die keuringsproses. So kan die datum van publikasie byvoorbeeld 'n belangrike rol speel in die keuringsproses.

b. *Konteks van suplementasie*

Hier word verwys na verwysings wat gebruik word om meer inligting oor die bron te bekom. Dit kan verdeel word in direkte en indirekte suplementasie. Direkte suplementasie verskaf meer inligting oor die bron. Hier is sprake van subtiële sensuur, want net enkele onderwerpe kan uitgelig word. Verskeie verwysings moet gebruik word. Indirekte suplementasie beïnvloed keurders se siening van die hele verwysing. Die bron waarvan dit afkomstig is, is baie belangrik.

c. *Konteks van beslissing*

Dit is 'n unieke konteks wat uniek aan die keurder behoort en 'n deurslaggewende rol vervul in die keuringsproses. Dit bestaan uit drie interafhanklike en mededingende kontekste, naamlik 'n argivale, kommunale en tematiese konteks. Die argivale konteks is die keurder se kennis van dit wat reeds in die versameling is. Kommunale konteks is die keurder se kennis van die navorsingsbehoefte en belangstellings van die gebruiker. Tematiese konteks is die keurder se kennis van wat gepubliseer word of reeds gepubliseer is.

Die finale keuringsproses vind plaas wanneer die lineêre elemente van die verwysing (wat mekaar beïnvloed), aangevul deur direkte of indirekte bronne van suplementasie, in verband gebring word met die kontekste van beslissing. Laasgenoemde word deur verskeie faktore beïnvloed soos die begroting van die biblioteek. Een van die kontekste (argivaal, kommunaal en tematies) sal voorkeur geniet bo die ander. Kommunale oorheersing sal byvoorbeeld gevind word by kleiner akademiese biblioteke (Brewis 1997:269-276; Oosthuizen 1991:227-236).

Oosthuizen (1994:85) wys daarop dat Atkinson se model ontwerp is vir die akademiese biblioteek, maar dat dit aangepas kan word vir ander biblioteke. 'n Belangrike punt van kritiek word ook deur Oosthuizen gestel, wanneer sy daarop wys dat die beoordeling van die intrinsieke gehalte van 'n bron

ontbreek in Atkinson se model terwyl dit 'n baie belangrike plek behoort in te neem in die keuringsproses. Veral vir die keuring van verhale vir die biblioterapeutiese proses is dit belangrik dat daar aandag geskenk word aan hierdie aspek.

4.2.3.2 Oosthuizen se model vir die keuring van fiksie

Die fokus van Oosthuizen (1991) se model is waarde. Die doel van teksevaluering is om die waarde van die teks te bepaal vir die versameling. Hierdie proses bestaan uit 'n aantal belangrike besluitnemingsfases, naamlik teksevaluering, gewildheid en behoefte, publikasietendense en versameling, missie en begroting:

a. Teksevaluering

Die evaluering van die intrinsieke waarde van die teks word gesteun deur die elemente van die inskrywing. Elke element dra inligting oor aan die keurders. Die keurders se kennis speel 'n belangrike rol en kan aangevul word deur gebruik te maak van suplementasiebronne. Die effektiëste teksevaluering vind plaas wanneer die keurders die verhale lees en evalueer ooreenkomstig die kriteria vir die drie kategorieë van fiksie, naamlik die verwikkelde teks, die toeganklike teks en genrefiksie. Oosthuizen se model verskil dus op hierdie punt van dié van Atkinson, want hy dui nooit aan dat dit effektië is om die bron te lees of te bestudeer nie. Die kriteria in Oosthuizen se model fokus op: karakter, plot, tyd ruimte en taal en word aangepas by die vlak van die fiksie. Hierdie proses van evaluering lei tot 'n besluit oor die intrinsieke meriete van die teks bekend as "gehalte". Hierdie besluit oor die gehalte van die teks lewer 'n besondere bydrae tot versamelingbou in openbare biblioteke omdat Oosthuizen beklemtoon dat elk van die drie kategorieë van fiksie geëvalueer word volgens hul eie unieke gehalteskaal. Speurverhale word byvoorbeeld geëvalueer volgens kriteria vir goeie speurverhale en nie volgens kriteria wat vereis word vir 'n drama nie.

b. Gewildheid en behoefte

Gehalte van die teks word nou in verband gebring met gewildheid (omvang van aanvraag) en behoefte (aanwendingsmoontlikheid van teks in voorsiening van lesers se behoeftes). Dit kan die waarde van die teks vir die versameling verlaag of verhoog.

c. Publikasietendense en versamelings

Teks word nou geëvalueer in konteks met dit wat reeds in die versameling is en dit wat gepubliseer word.

d. Missie

'n Besluit oor die waarde van die teks kan net geneem word met die missie van die biblioteek in gedagte, want gemeenskappe is nie staties nie en het uiteenlopende behoeftes.

e. Begroting

Die teks wat as waardevol geëvalueer word, word aangekoop indien die begroting dit toelaat (Brewis 1997:284-297; Oosthuizen 1991:315-319).

Oosthuizen (1994:89) wys daarop dat 'n numeriese waarde toegeken kan word aan die verskillende fases van die besluitnemingsproses. Gehalte asook gewildheid en behoefte kan gemeet word op 'n skaal van een tot tien. 'n Afsnypunt kan bepaal word volgens die beskikbare begroting.

4.3 MODEL VIR DIE KEURING VAN LEESSTOF VIR DIE BIBLIOTERAPEUTIESE PROSES BY KINDERS

Na bestudering van die modelle van Atkinson (1984) en Oosthuizen (1991) is dit duidelik dat die unieke kennis van die keurder, intrinsieke waarde van die bronne en doel van die biblioteek 'n belangrike rol speel in die keuring van

bronne. Die keurder moet ook deurgaans die begroting van die biblioteek in gedagte hou. 'n Drie-dimensionele model is ontwerp deur Monroe (1978) vir die analisering van boeke, films en opnames vir ontwikkelingsterapie vir die probleem van oud word. Hierdie model fokus op die probleme van bejaardes, en diegene wat hulle moet versorg of deur hulle versorg moet word.

By die keuring van leesstof vir kinders by die biblioterapeutiese proses kan die modelle nie in hul oorspronklike vorm aangewend word nie, want normale ontwikkelingsprobleme en lewenskrisisse van die kinders is nou van deurslaggewende belang. Daarom word 'n nuwe model ontwikkel in figuur 4.1.

Die fokuspunt van die model vir die keuring van leesstof is die biblioterapeutiese proses waar die regte verhaal en die regte kind bymekaar gebring moet word.

Die model bestaan uit vier ewegroot reghoeke. Die eerste drie blokke bevat drie stelle keuringskriteria wat die basis vir suksesvolle toepassing van biblioterapie vorm. Dit sluit keuringskriteria in vir kinders, algemene keuringskriteria vir leesstof en literêre keuringskriteria vir leesstof. Dit is duidelik dat die biblioterapeutiese proses, wat in die vierde reghoek links onder aangedui word, sonder die vooraf keuring toevallig sal plaasvind en moontlik minder effektief sal wees. Die pyle dui daarop dat daar wisselwerking tussen stappe kan plaasvind.

4.3.1 Keuringskriteria vir kinders

Die eerste stap behels die insameling van inligting oor die kinders. Inligting moet ingesamel word oor die kinders om sodoende te verseker dat die leesstof gepas is vir die chronologiese ouderdom, opvoedkundige agtergrond, leesvlak en -vermoë van die kinders, en die ontwikkelingstadium waarin hulle hul bevind. Dit moet ook aanklank vind by die behoeftes van die kinders.

Die keuringskriteria vir die lesers is baie belangrik, want die keurders moet oor 'n deeglike kennis van die lesers beskik voordat 'n boek gekies kan word.

Aan die einde van hierdie bespreking van keuringskriteria vir lesers sal daar vier stelle kriteria voorgelê word wat deur keurders gebruik kan word, naamlik:

- Keuringskriteria vir kinders in die algemeen (tabel 4.1)
- Verkorte keuringskriteria vir kinders in die algemeen (tabel 4.2)
- Keuringskriteria vir kinders van 8 tot 11 jaar (tabel 4.3)
- Verkorte keuringskriteria vir kinders van 8 tot 11 jaar (tabel 4.4)

4.3.1.1 *Probleem van die kind*

Die belangrikste faktor by die keuse van 'n boek is kennis van die probleem van die kind. Die probleem wat die kind ervaar word gebruik as die

vertrekpunt by die keuse van 'n boek. Die probleem kan 'n ontwikkelingsprobleem wees of 'n geringe aanpassingsprobleem, maar dit kan ook 'n ernstiger probleem wees. Kennis van die probleem kan op verskeie maniere bekom word (Pardeck & Pardeck 1984b:7).

Dit is baie belangrik dat die boekkeurders deeglik ingelig word oor die probleem. Indien die boekkeurders se kennis van die probleem onvoldoende is, kan hulle met die keuse van die boek skade aanrig, byvoorbeeld as 'n kind 'n probleem het wat handel oor die dood van 'n ouer, is kennis noodsaaklik oor watter ouer dit is asook van die verhouding tussen die kind en die oorblywende ouer. 'n Boek kan byvoorbeeld ook nie gekies word wat handel oor 'n grootouer wat 'n kleinkind help met die verlies van 'n ouer, net om later uit te vind dat die kind nie 'n grootouer het nie.

Vir die doeleindes van hierdie studie word daar gefokus op lewenskrisisse vir kinders weens egskending of die dood van 'n geliefde. Daar word ook aandag gegee aan sekere normale ontwikkelingsprobleme, naamlik die vrees vir verwerping deur die groep en die vrees vir mislukking in die aanleer van nuwe vaardighede.

4.3.1.2 Chronologiese ouderdom

'n Belangrike faktor in die keuse van die boek is die ouderdom van die kind. Die persoon wat die boek kies, let gewoonlik op die ouderdomsgroep waarop die boek gerig is (Pardeck & Pardeck 1984b:8).

Die ouderdom van die kind is belangrik, want dit plaas die kind gewoonlik binne 'n sekere ontwikkelingsstadium. Dit kan aan die keurder 'n aanduiding gee van die vlak van ontwikkeling van die kind, sy leesbelangstellings en behoeftes. Dit stel dus as te ware die keurder in staat om te weet wat om te verwag.

Chronologiese ouderdom alleen kan egter nie boekkeuse bepaal nie. Volwassenheid van die leser in soverre dit gaan om sy vermoë om met boekkarakters te identifiseer, is ook belangrik (Pardeck & Pardeck 1984b:8).

4.3.1.3 Opvoedkundige agtergrond

Dit is belangrik vir boekkeurders om te weet in watter graad kinders is. Dit is veral belangrik vir die bepaling van die leesvlak van kinders. Daar word verwag dat kinders in 'n sekere graad sekere tipe boeke kan lees en verstaan.

'n Samespreking met die klasonderwyser of onderwyser-sielkundige of 'n onderwyser wat die leerder vertrou, kan waardevol wees. Sullivan (1987:875) wys byvoorbeeld daarop dat onderwysers voel dat hul meer tyd saam met die kinders spandeer as enige ander volwassene. Hul beskik dus nie alleen oor waardevolle kennis omtrent die leesvermoë van kinders nie, maar kan ook gedrags- en emosionele probleme waarneem.

4.3.1.4 Leesvlak en leesvermoë

Die leesvlak en leesvermoë van kinders is baie belangrik vir die biblioterapeutiese proses. Volgens Pardeck en Pardeck (1984b:8) is biblioterapeutiese tegnieke die effektiëste by kinders wie se leesvermoë gemiddeld of bogemiddeld is. Hulle is gewoonlik gemakliker met lees en het meer sukses daarmee. Dit beteken egter nie dat biblioterapie nie kan werk met kinders wie se leesvermoë ondergemiddeld is nie. Daar kan wel geskikte boeke gevind word om by hul leesvermoë te pas.

Dit is ook belangrik om te onthou dat wanneer kinders baie geïnteresseerd is in 'n boek, hulle 'n boek sal lees wat bo hul gewone leesvlak is (Sutherland 1996:317). Te moeilike boeke kan egter die biblioterapeutiese proses belemmer terwyl kinders in sommige gevalle te maklike boeke as 'n belediging kan beskou (Pardeck & Pardeck 1984b:8).

By die vasstelling van die leesvermoë en leesvlak van die kind kan die chronologiese ouderdom asook die graad van die kind dien as 'n aanduiding. Die punte van die kind kan ook gebruik word as 'n aanwyser. Onderwysers is dus 'n baie belangrike bron van kennis by selektering van leesstof. Daar kan ook van gestandaardiseerde toetse gebruik gemaak word (Pardeck & Pardeck 1984b:8).

Wanneer daar twyfel bestaan oor die leesvermoë van kinders moet daar liefsvanvanklik 'n boek gebruik word wat geskik is vir kinders twee grade laer as dié waarin die kinders hul bevind. Sodra meer kennis bekom word, kan die boeke aangepas word (Pardeck & Pardeck 1984b:8).

Brown (1975:188) wys ook op 'n belangrike aspek wat in ag geneem moet word, naamlik visuele gestremdheid. Die keurder moet seker maak dat die lettertipe in leesstof groot genoeg is.

4.3.1.5 *Ontwikkelingstadia van kinders*

Kennis van die ontwikkelingstadia van kinders is essensieel by die keuse van boeke. Ontwikkelingstadia gee 'n aanduiding van hoe kinders tydens elke stadium gaan optree en wat hul belangstellings en voorkeure vir leesstof is.

Dit is ook belangrik dat die keurder kennis moet hê van die verskillende teorieë (byvoorbeeld die van Piaget oor die kognitiewe ontwikkeling van kinders) oor die ontwikkelingstadia, want dit suggereer wat kinders se belangstellings en behoeftes tydens die verskillende stadia van ontwikkeling gaan wees. Dit help ook met die identifisering van kognitiewe en verbale vermoëns wat onder andere 'n invloed uitoefen op die leser se vermoë om sekere literêre elemente soos uitgangspunte of terugflitse te hanteer (Sutherland 1996:21).

Alhoewel inligting oor stadia van ontwikkeling riglyne kan bied vir boekkeuring is dit belangrik om te onthou dat groepe en individue verskil en dat belangstellingsvelde met tyd kan verander (Sutherland 1996:21).

4.3.1.6 *Behoeftes van die kinders*

Kennis van die behoeftes van die kinders is belangrik, want dit kan help om belangrike insig te verkry in hulle omstandighede. Dit kan ook 'n belangrike rol speel om die regte boek te kies (Brown 1975:109).

Die volgende basiese behoeftes, soos beskryf in afdeling 2.2.1, moet in gedagte gehou word:

- behoefte aan sekuriteit
- behoefte om lief te hê en lief gehê te word
- behoefte om te behoort
- behoefte om iets te bereik
- behoefte aan kennis
- behoefte aan ontspanning
- behoefte aan die estetiese.

Boeke wat gekies word vir ontspanning kan byvoorbeeld noodsaaklike afstand van die probleme van lesers bied en terselfertyd 'n geleentheid vir lesers skep om as te ware asem te haal. Terwyl 'n boek waarin mooi illustrasies voorkom kinders se behoefte aan die estetiese kan bevredig. Dit kan selfs die enigste mooi wees in 'n vaal of troostelose wêreld waarin kinders hulle bevind.

4.3.1.7 *Belangstellings van die kinders*

Die belangstellings van kinders hang ten nouste saam met hul stadia van ontwikkeling. Die stadia van ontwikkeling waarin kinders hul bevind, gee 'n aanduiding van dit waarin hul sal belangstel. Dit dui ook op die tipe literatuur wat kinders op 'n sekere ouderdom sal geniet (Sutherland 1996:21). Daar moet egter te alle tye in gedagte gehou word dat individuele verskille sal voorkom.

Sutherland (1996:21) wys byvoorbeeld ook daarop dat leserbelangstelling gewek en gestimuleer kan word.

4.3.1.8 *Ervaringsveld van die kinders*

Brown (1975:109) wys daarop dat boeke gekies moet word met die individuele kinders in gedagte en binne die omvang van hul ervaringsveld.

Kinders word vandag groot in 'n milieu wat oorheers word deur die televisie, rekenaars, elektroniese speletjies en die Internet. Dit waarvan twee dekades gelede gedroom is, is vir kinders van vandag 'n werklikheid en in sommige gevalle selfs die alledaagse. Hierdie kinders is gewoond daaraan om vermaak te word en om inligting elektronies te bekom.

Die kinders word groot in 'n gewelddadige wêreld wat emosioneel minder sekuriteit bied (Karl 1982:259). Kinders vind dit ook baie moeilik om dit te verwerk en hulp in die vorm van boeke kan 'n baie belangrike rol speel (Lohann 1982:1). Boeke kan in hul emosionele behoeftes voorsien. Die geweld in boeke is deur hulle beheerbaar, want hul kan dit stop deur bloot die boek toe te maak – dit kan ook verklarings bied vir mense se optredes.

4.3.1.9 *Godsdienstige en kulturele waardes van die kinders*

Die godsdienstige en kulturele waardes van die kinders moet in ag geneem word. Dit is belangrik dat waardes wat in direkte konflik is met die waardes van hul ouers en die gemeenskap nie op kinders afgedwing word nie (Howie 1988:23).

Die kriteria vir die kinders wat in afdeling 4.3.1 bespreek, is gaan nou omskep word in vier tabelle wat die keurders kan gebruik wanneer hulle inligting oor die lesers wil insamel om sodoende in staat te wees om die gepaste boek te kies. In tabel 4.1 en tabel 4.3 sal daar ook verwys word na die ontwikkelingsstadia van kinders wat in afdeling 2.2.2 bespreek is.

Tabel 4.1 Keuringskriteria vir kinders in die algemeen

Probleem	
Ouderdom	
Graad van Leser	
Opvoedkundige agtergrond	
Leesvlak en -vermoë	
Belangstellings	
Leesbelangstellings	
Ervaringsveld	
Godsdienstige en kulturele waardes	
Ontwikkelingstadia	
<i>Intellektuele ontwikkeling:</i>	
1) Sensories-motoriese stadium (± 0 - 2 j.)	
2) Pre-operasionele stadium (± 2 - 7 j.)	
3) Konkreet-operasionele stadium (± 7 - 11 j.)	
4) Formeel-operasionele stadium (± 11j. en ouer)	
<i>Fisiese ontwikkeling</i>	
Dui hier aan of op standaard is vir kinders van sy/haar ouderdom. Dui afwykings aan.	
<i>Affektiewe ontwikkeling</i>	
Vertroue versus wantroue (0 - ± 18 mde)	
Outonomie versus skaamte (± 2 - ± 3 j.)	
Inisiatief versus skuld (± 3 - 6 j.)	
Arbeidsaam versus minderwaardigheid (± 6 - ± 11 j.)	
Identiteit versus identiteitsverwarring (11 jaar en ouer)	
<i>Sosiale ontwikkeling</i>	
Dui aan of die belangrike verhoudings in die kind se lewe normaal is: - verhouding met ouers - verhouding met portuurgroep	
<i>Morele ontwikkeling</i>	
Pre-konvensionele vlak	
Post-konvensionele vlak	
Behoeftes	
<i>Behoefte aan sekuriteit</i>	
<i>Behoefte om lief te hê</i> <i>En lief gehê te word</i>	
<i>Behoefte om te behoort</i>	
<i>Behoefte om iets te bereik</i>	
<i>Behoefte aan kennis</i>	
<i>Behoefte aan ontspanning</i>	
<i>Behoefte aan estetiese</i>	

Tabel 4.2 Verkorte keuringskriteria vir kinders in die algemeen

Probleem	
Ouderdom	
Graad van Leser	
Opvoedkundige agtergrond	
Leesvlak en -vermoë	
Belangstellings	
Leesbelangstellings	
Ervaringsveld	
Godsdienstige en kulturele waardes	
Ontwikkelingstadia	
Behoeftes van Leser	

Tabel 4.3 Keuringskriteria vir kinders van 8 tot 11 jaar

Probleem	
Ouderdom	
Graad van leser	
Opvoedkundige agtergrond	
Leesvlak en -vermoë	
Belangstellings	
Leesbelangstellings	
Ervaringsveld	
Godsdienstige/ kulturele waardes	
Ontwikkelingstadia:	
<i>Intellektuele ontwikkeling</i>	
Konkreet-operasionele stadium(± 7 - ± 11 jaar	
<i>Fisiese ontwikkeling</i>	
<i>Affektiewe ontwikkeling</i>	
Arbeidsaam versus Minderwaardigheid (±6 - ± 11 jaar)	
<i>Sosiale ontwikkeling</i>	
<i>Morele ontwikkeling</i>	
Behoeftes:	
<i>Behoefte aan sekuriteit</i>	
<i>Behoefte om lief te hê En lief gehê te word</i>	
<i>Behoefte om te behoort</i>	
<i>Behoefte om iets te bereik</i>	
<i>Behoefte aan kennis</i>	
<i>Behoefte aan ontspanning</i>	
<i>Behoefte aan estetiese</i>	

Tabel 4.4 Verkorte keuringskriteria vir kinders van 8 tot 11 jaar

Probleem	
Ouderdom	
Graad van leser	
Opvoedkundige agtergrond	
Leesvlak en -vermoë	
Belangstellings	
Ervaringsveld	
Godsdienstige en kulturele waardes	
Ontwikkelingstadia	
Behoeftes van leser	

4.3.2 Keuringskriteria vir leesstof

Inligting moet in die tweede stadium van die keuringsproses ingesamel word oor die leesstof ten einde te verseker dat die leesstof nie alleen gepas vir die probleem van die kinders nie, maar ook versoenbaar is met die inligting wat bekom is tydens die tweede stap in die keuringsproses. Daar moet nie alleen 'n bibliografiese verwysing wees vir die leesstof nie, maar inligting moet ook bekom word oor die ouderdom van lesers, geslag en leesvlak waarop die leesstof gemik is. Die tema van die leesstof moet bepaal word asook die beperkings en uitstaande kenmerke van die leesstof vir die biblioterapeutiese proses. Indien dit na hierdie stap duidelik blyk dat die leesstof nie geskik is vir die kinders met betrekking tot die biblioterapeutiese proses nie, moet daar weer teruggekeer word na die eerste stap in die keuringsproses of hierdie stap moet herhaal word met nuwe leesstof. Indien dit blyk dat die leesstof wel versoenbaar is met die inligting wat tydens die eerste stap van die keuringsproses bekom is, kan die leesstof onderwerp word aan literêre keuringskriteria met betrekking tot die biblioterapeutiese proses.

Wanneer boeke gekeur word vir die biblioterapeutiese proses is dit altyd belangrik om die volgende in gedagte te hou:

- Daar word met individue gewerk wat elk hul unieke aard het en teen hul eie tempo ontwikkel.
- Geen boek kan met absolute sekerheid aan 'n bepaalde ouderdomsgroep gekoppel word nie.

- Boeke wat ideaal voorkom, kan heeltemal oneffektief wees.
- Daar sal altyd 'n subjektiewe element betrokke wees by keuring – dit kan makliker wees om te werk met boeke waarmee die keurder gemaklik is.
- Geen keuringstelsel is volmaak nie, maar daar is gewoonlik eenstemmigheid ten opsigte van boeke met 'n hoë potensiaal en die wat totaal onaanvaarbaar is.

Na aanleiding van die bogenoemde bespreking van keuringskriteria word drie tabelle gegee wat gebruik kan word vir die keuring van die leesstof, naamlik:

- Algemene keuringskriteria vir leesstof (tabel 4.5)
- Literêre keuringskriteria vir leesstof (tabel 4.6)
- Verkorte literêre keuringskriteria vir leesstof (tabel 4.7)

4.3.2.1 *Beskrywing vir elke gekose verhaal*

Elke inskrywing moet die volgende inligting bevat:

- Outeur se naam
- Titel van boek
- Uitgewer
- Datum van uitgawe
- ISBN-nommer
- Aantal bladsye
- Reeks waarvan boek 'n deel is
- Formaat
- Ouderdom waarvoor dit geskik is
- Geslag waarvoor dit geskik is
- Leesvlak van die boek
- Uitstaande kenmerke van boek
- Beperkinge van boek
- Kort opsomming van boek.

a. *Formaat*

Daar moet aangedui word of dit 'n *sagteband- of hardebandboek* is. Die sagtebandformaat is belangrik by boeke vir veral die 10- tot 11-jariges, want hulle verkies dié tipe boek (Genco *et al* 1991:116).

Die *omslag* van die boek moet aantreklik wees vanuit die leser se oogpunt. Dit kan dien as 'n prikkel om hul aandag te trek (Brown 1975:110).

Die *druk* van die boek moet van so 'n aard wees dat dit maklik lees (Brown 1975:110). Daar moet voorsiening gemaak word vir diegene met sigprobleme en vir diegene wat onlangs begin lees het. Agt-jariges kan bedreig word deur 'n klein lettertipe en baie woorde per bladsy.

b. *Ouderdom waarvoor dit geskik is*

Die ouderdom van veral die hoofkarakters sal die ouderdom van die kinders bepaal waarvoor die verhaal geskik is (Aldrich 1993:12). Die keurders kan met die deurlees van die verhaal vasstel hoe oud die kinders is op wie die verhaal gemik is.

c. *Geslag*

Aangesien die lesers met die karakters moet kan identifiseer, is dit belangrik dat keurders die geslag van die karakters moet identifiseer. Kinders verkies gewoonlik karakters van hulle eie geslag.

d. *Leesvlak*

Dit is belangrik dat die moeilikheidsgraad van die leesstof binne die begrip van die kinders moet val (Olivier 1983:37). Inligting sal immers net nuttig wees as dit binne die begripsvermoë van die kinders is (Pardeck 1990:1045).

e. Uitstaande kenmerke van die boek

Die keurders moet aandag skenk aan uitstaande kenmerke soos illustrasies wat help om die verhaal te vertel, humor, en toeganklike skryfstyl.

f. Beperkings van die boek

Die keurders moet bedag wees op beperkings soos verhale waar al die karakters aan een geslag behoort, diereverhale, fantasieverhale en historiese verhale. Hierdie tipe verhale val nie binne alle kinders se belangstellingsveld nie.

g. Kort opsomming van boek

Die keurder moet 'n kort opsomming maak sodat die biblioterapeut insig in die verhaal kan hê sonder om dit te lees.

4.3.3 Belangrike literêre keuringskriteria vir die biblioterapeutiese proses

Die derde stap behels dat die verhaal ontleed word aan die hand van sekere literêre keuringskriteria met betrekking tot die biblioterapeutiese proses. Die doel hiermee is om meer inligting omtrent die leesstof te bekom, veral ten opsigte van die tema van die verhaal, karakters, intrige, milieu, styl van skrywer, tipe verteller en einde. Hierdie inligting moet versoenbaar wees met die probleem van die kinders en die inligting oor die kinders wat tydens die eerste stap in die keuringsproses bekom is. Indien dit nie versoenbaar is nie, moet daar teruggekeer word na die eerste of tweede stap in die keuringsproses. Indien dit wel versoenbaar is, sal die verhaal gebruik kan word tydens die biblioterapeutiese proses.

Alle boeke voldoen nie aan al hierdie kriteria nie. 'n Boek kan oor al die kriteria beskik of geeneen van die kriteria hê nie. Indien 'n boek geeneen van

die kriteria vertoon nie, beteken dit nie dat dit nie 'n goeie boek is nie (Sutherland 1996:31). Daar is nie vaste reëls vir die kriteria nie.

4.3.3.1 Tema

Die tema van die verhaal speel 'n sleutelrol in die keuringsproses. Die volgende aspekte is van belang.

a. Omskrywing van die tema

Die tema is die hoofidee van die verhaal en vorm dus die kern daarvan (Sutherland 1996:31). Hierdie idee moet die storie bymekaar hou (Doll & Doll 1997:4).

b. Geskiktheid van die tema

Dit is belangrik dat die tema geskik moet wees vir 'n individu. Die tema moet handel oor 'n probleem wat geïdentifiseer is by 'n spesifieke kind. Die tema hoef nie identies aan die probleem te wees nie, maar dit moet gepas wees (Cuddigan & Hanson 1988:x; Matthews & Lonsdale 1992:33).

Die tema moet ook ooglopend geskik wees vir die implementering van die biblioterapeutiese proses (Pardeck & Pardeck 1984b:xii). Dit is ook belangrik dat die tema nie teenstrydig moet wees met die doel van biblioterapie nie (Doll & Doll 1997:41).

c. Rol van die tema

Kinder- en jeugverhale handel dikwels oor normale ontwikkelingsprobleme wat deel is van die grootwordproses. Die tema kan byvoorbeeld handel oor die oorwinning van vrees of jaloesie. Tans word bykans enige onderwerp – selfs kontroversiële onderwerpe soos dood, terminale siekte, en seksuele mishandeling in kinder- en jeugverhale aangespreek. Hierdie verhale kan kinders help met soortgelyke probleme asook dié wat nie probleme het nie,

maar empatie en begrip vir ander moet ontwikkel (Sutherland 1996:31; Pardeck & Pardeck 1984b:7).

d. Eksplisiet

Die tema kan geïmpliseer of eksplisiet gestel word. Die boodskap is egter gewoonlik minder effektief as dit eksplisiet is. Dit is die geïmpliseerde tema wat die effektiefste is en die langste onthou word. As die tema bloot daar is, sal die leser self die tema ontdek en betrokke raak (Doll & Doll 1997:41; Sutherland 1996:31).

e. Didakties

Dit is ook belangrik dat die tema nie blatant didakties of prekerig moet wees nie (Doll & Doll 1997:41). Sulke verhale sal die lesers laat belangstelling verloor en boonop boet die verhaal baie van sy trefkrag in. Dit is baie meer treffend as die leser as te ware self die boodskap van die skrywer ontdek.

f. Oorheersend

Die tema moet nie die storie oorheers nie (Cuddigan & Hanson 1988:X). 'n Verhaal het baie meer trefkrag as die leser die tema tydens die lees van die verhaal self ontdek.

g. Meer as een tema

'n Goed ontwikkelde intrige en karakters kan daartoe aanleiding gee dat meer as een tema behandel word (Doll & Doll 1997:41). Dit is belangrik, want dit kan gebeur dat 'n leser raakpunte hiermee het of dat van hierdie temas liefs vermy moet word.

h. Universeel

Dit is belangrik dat die tema universeel moet wees, met ander woorde, dit moet handel oor emosies en ervarings waarmee kinders geredelik kan identifiseer (Hynes & Hynes-Berry 1986:66). Dit is ook van waarde as die verhaal die universele tema op 'n kragtige manier aanspreek. Dit moet tot mense spreek.

i. Verstaanbaar

Om 'n verhaal tydens die biblioterapeutiese proses te kan gebruik, moet dit verstaanbaar wees vir die leser. Die verhaal moet nie obskuur, dubbelsinnig of kompleks wees nie (Hynes & Hynes-Berry 1986:68).

j. Positief

Dit is baie belangrik dat die tema positief moet wees en hoop moet bied. Die tema moet nooit voorstel dat 'n negatiewe oplossing aanvaarbaar is nie (Jackson 1985:38).

k. Realisme

Die verhaal moet nie net 'n fasade wees om die tema aan te spreek nie. Dit moet eg wees en gegrond wees op eerlikheid, opregtheid en 'n uitkyk wat nog veroordeel nog vermaan (Karl 1971:3). As die verhaal bloot die agtergrond word vir die oordra van feite en inligting, sal die lesers nie daarmee kan identifiseer nie.

4.3.3.2 Karakters

Karakters kan bekend gestel word aan die leser deur dit wat hul sê, wat hul doen en wat oor hul gesê word. 'n Hoofkarakter word dikwels onderskei omdat dit die eerste persoon in die boek is wat bekend gestel word

(Sutherland 1996:29). Hierdie hoofkarakter moet duidelik herkenbaar wees vir die kind.

a. Ouderdom

Die karakters, veral die hoofkarakters, moet verkieslik in ouderdom met die lesers ooreenstem sodat die lesers met hul kan identifiseer en hul gedrag kan naboots (Aldrich 1993:12).

b. Geloofwaardigheid

Dit is belangrik dat die karakters geloofwaardig moet wees. Hulle moet getrou wees aan die werklikheid en nie bloot spreekbuise wees vir die outeur se siening nie (Brown 1975:109; Jackson 1985:38).

Die outeur moet ware, lewensgetroue karakters skep. Die voortreflikhede sowel as die tekortkomings van die karakters moet uitgebeeld word. Die karakters moet ook nie net die genot van kindertyd beleef nie, maar ook die vrese en frustrasies daarvan. Kortom: die karakters moet ware kinders wees – stout, ongehoorsaam, bang, onseker, lewenslustig, soet, gehoorsaam. Dit is belangrik dat lesers 'n gebalanseerde siening moet ontwikkel en hul met die karakters moet kan identifiseer (Jackson 1985:38; Karl 1971:3).

Die verandering, ontwikkeling en optrede by karakters moet natuurlik en logies wees. Dit moet ook konsekwent wees ten opsigte van hul ouderdom, geslag, agtergrond, etniese groep en opvoeding. Die karakters moet oortuigend wees (Sutherland 1996:29). Die sukses van skrywers soos Judy Blume lê opgesluit in oortuigende karakters waarmee die lesers kan identifiseer.

c. Hantering van probleem

Dit is belangrik dat die karakters in die verhaal 'n geloofwaardige oplossing moet vind vir die probleem waarmee hulle gekonfronteer word. Sodoende kan

die lesers moontlike oplossings erken vir hul probleme. Die lesers kry deur die optrede van die karakters voorbeelde en metodes waarop probleme effektief hanteer kan word. Die lesers is dus nou beter ingelig en kan in staat wees om die probleem en hantering daarvan te verstaan. Alternatiewe oplossings kan ook voorgelê word. Geloofwaardige karakters help lesers nie alleen om groter insig in hul eie probleme te kry nie, maar ook om die van ander te verstaan (Smith 1982:233; Sutherland 1996:29).

4.3.3.3 Intrige

Ten nouste verbind met die karakters is die ontwikkeling van die intrige – *dit wat in die storie gebeur*. Die tipe mense wat die karakters is, beïnvloed die intrige en karakters word op hul beurt beïnvloed deur dit wat met hul gebeur. Daar vind gewoonlik verandering(s) in die karakters se lewens plaas. Hierdie veranderinge kan gestalte kry in onder andere veranderende gesinstrukture en nuwe verhoudings (Sutherland 1996:39; Aldrich 1993:17).

Kinders worstel met hierdie tipe veranderinge en hou daarvan om hieroor te lees. Hulle wil lees oor karakters wat struikelblokke moet oorwin, botsings uitsorteer en moeilike doelstellings moet oorwin. Hulle hou gewoonlik daarvan om te lees om uit te vind hoe die karakters hul doelwitte bereik. Sodoende vind hul oplossings vir hul probleme of kry hulle insig daarin. Dit kan lei tot verskillende maniere om hul probleme te hanteer (Aldrich 1993:17; Sutherland 1996:30).

Hoe beter die intrige is, hoe makliker sien die lesers ooreenkomste tussen hul eie lewens en die verhaal. Dit is dus belangrik dat die intrige aan die volgende vereistes moet voldoen (Sutherland 1996:318; Pardeck 1990:1045; Lundsteen 1972:511; Doll & Doll 1997:41):

- Daar moet 'n basiese volgorde van gebeure wees.
- Daar moet nie te veel gesteun word op toeval of sentiment nie.
- Intrige moet realisties, geloofwaardig en logies wees.
- Detail oor die onderwerp moet korrek wees.

- Daar moet 'n konflik, opposisie of 'n probleem wees.
- Die intrige moet ook genoeg spanning hê om kinders te motiveer om aan te hou lees en die boek klaar te lees. Die intrige moet dus hul aandag hou.
- 'n Verrassingselement kan 'n rol speel om spanning te skep en belangstelling te behou.
- Dit moet 'n ervaring wees vir die kind. Dit moet 'n blywende indruk op hulle maak.

4.3.3.4 Milieu

Die milieu verwys na die plek (waar) en tyd (wanneer) waar die storie plaasvind (Doll & Doll 1997:41).

Die plek (waar) is die geografiese gebied waar die verhaal plaasvind. Dit kan so wyd soos 'n land of 'n stad wees of dit kan beperk word tot byvoorbeeld 'n bus of 'n klaskamer. Dit kan die lesers help om aanklank te vind by die gebeure of karakters as hul vertrouwd is met die plek (Sutherland 1996:27; Aldrich 1993:13).

Die tyd (wanneer) kan 'n geskiedkundige tydperk, 'n seisoen, 'n dekade of 'n dag wees waarin die verhaal afspeel. Vir kinders is eietydse verhale veral gewild, maar spannende en geslaagde historiese verhale is ook effektief. Historiese verhale kan die kind leer begryp dat mense deur alle tye heen dieselfde basiese gevoelens soos liefde en haat gehad het en ook probleme gehad en drome gedroom het (Sutherland 1996:27; Aldrich 1993:13).

Die tydsverloop van 'n verhaal moet die ontwikkelingstadia van die kind in ag neem. Daar moet vir baie jong kinders voorkeur gegee word aan die chronologiese opvolging van gebeure. Tien- tot 11-jariges se tydsbegrip is egter al so ontwikkel dat hul terugflitse kan verstaan (Aldrich 1993:14).

Alhoewel die milieu essensieel of bloot agtergrond kan wees, moet dit duidelik, geloofwaardig en in die geval van historiese verhale, korrek wees (Doll & Doll 1997:41; Sutherland 1996:27).

4.3.3.5 Verteller

Die verhaal kan in die eerste- of derdepersoon vertel word. Waar 'n eerstepersoonverteller net sy mening kan gee, is die derdepersoonverteller alomteenwoordig en kan hy meer as een mening gee. Beide kan ook in dieselfde verhaal gebruik word, maar jong lesers identifiseer egter makliker met 'n eerstepersoonverteller (Doll & Doll 1997:41).

4.3.3.6 Styl

Styl verwys na die spesifieke woorde wat outeurs kies en die manier waarop dit gebruik word om die storie te vertel (Doll & Doll 1997:41). Daar is dan ook soveel verskillende style as wat daar outeurs is. Die belangrike aspek van styl is dat dit moet pas by die tema – dit moet nie die tema oorheers nie (Sutherland 1996:36).

Dit is belangrik dat die styl toeganklik moet wees vir die leser. Die woordeskat moet pas by die ontwikkelingstadias van die lesers (Brown 1975:110; Doll & Doll 1997:41).

Dit is ook belangrik dat die inligting en terminologie wat gebruik word korrek moet wees. Dit kan selfs nodig wees om te lees oor die onderwerp om vas te stel of die inligting juis is (Smith 1989:247). Verhale waarvan die taalgebruik ooglopend verouderd is, moet liefers vermy word.

4.3.3.7 Toon

Die toon verwys na die gesindheid van die skrywer teenoor die onderwerp.

Skrywers wat vir kinders van agt jaar en ouer skryf moet eerlik wees – hulle moet die goeie sowel as die slegte aanspreek. Wanneer die kinders die verhale lees, moet dit vir hul eerlik klink (Karl 1971:11).

Dit is ook belangrik dat skrywers met simpatie moet skryf oor die probleem wat kinders nou ervaar. Die skrywer moet die belangstellings van kinders verstaan, aanvaar en geniet. Buiten hierdie vereiste, moet hul begrip toon vir die eise wat vandag aan kinders gestel word (Karl 1971:2). Die sukses van skrywers soos Blume kan stellig toegeskryf word aan hul vermoë om hulself in opregtheid met kinders te vereenselwig.

Skrywers vir kinders moet nie moraliserend wees nie. Hulle moet nie maklike oplossings aanbied of preek nie, want kinders luister selde na preke (Aldrich 1993:17).

Dit is ook belangrik dat skrywers nie moet afpraat na kinders of neerbuigend moet wees nie, want dit sal die lesers ontstel of afsit (Doll & Doll 1997:42).

4.3.3.8 Humor

Die vermoë om te kan lag, toon 'n gesonde vermoë van 'n persoon om hom te distansieer van sy eie probleme. Humor in verhale kan daartoe bydra om 'n ernstige onderwerp bloot te lê en 'n gesonde afstand te skep van probleme – dit kan bydra tot 'n gesonde perspektief (Hynes & Hynes-Berry 1986:71)

4.3.3.9 Einde

Die einde moet natuurlik voortvloei uit die gebeure en moet hoopvol wees (Doll & Doll 1997:41). Die einde moet lesers bewus maak dat hul iets belangriks met hul lewe kan doen. Dit is ook belangrik dat die einde hul met

die wete moet laat dat geluk (plek en plesier) binne hul bereik is deur die krag van hul eie vermoëns (Sutherland 1996:318).

Alhoewel dit essensieel is dat die einde hoopvol moet wees, moet daar gewaak word teen valse gerusstellings en moet realiteit nooit uit die oog verloor word nie (Aldrich 1993:19).

Die volgende tabelle oor die keuringskriteria vir die leesstof soos bespreek in afdeling 4.3 word nou verskaf:

Tabel 4.5 *Algemene keuringskriteria vir leesstof*

Outeur	
Titel	
Uitgewer	
Datum van uitgawe	
ISBN-nommer	
Aantal bladsye	
Reeks	
Formaat	
Ouderdom van leser	
Geslag	
Leesvlak	
Tema	
Opsomming	
Beperkings	
Uitstaande kenmerke	
Probleme waarvoor dit geskik is	

Tabel 4.6 *Literêre keuringskriteria vir leesstof*

TEMA	
Geskiktheid van tema	
Rol van tema	
Eksplisiete	
Didakties	
Oorheersend	
Meer as een tema	
Universeel	
Positief	
Realisme	
KARAKTERS	
Ouderdom	
Geloofwaardigheid	
Hantering van probleem	
INTRIGE	
MILIEU	
VERTELLER	
PERSPEKTIEF	
STYL	
TOON	
HUMOR	
EINDE	

Tabel 4.7 Verkorte literêre keuringskriteria vir leesstof

Tema	
Karakters	
Intrige	
Milieu	
Verteller	
Perspektief	
Styl	
Toon	
Humor	
Einde	

4.4 KRITERIA VIR DIE KEURDER

Die keurder speel 'n belangrike rol in die biblioterapeutiese proses, want hy/sy moet die kind na die geskikte boek lei. Sonder die regte boek is die biblioterapeutiese proses gedoem tot mislukking. As die boek byvoorbeeld, te moeilik of te verveelig is, sal die kinders hul wend tot ander middele of belangstelling verloor (Aldrich 1993:10).

Dit is belangrik dat die keurder aan sekere vereistes sal voldoen.

4.4.1 Kennis van die biblioterapeutiese proses

Vir die keuse van die regte boek is dit essensieel dat die keurder 'n deeglike kennis moet hê van die biblioterapeutiese proses. Daarsonder sal dit nie moontlik wees om die regte boek vir die regte kind te kies nie. Sonder die regte boek sal dit onmoontlik wees vir die kind om te beweeg vanaf die identifikasie-stadium tot insig (Afolayan 1992:141).

Dit is ook baie belangrik dat die keurder op hoogte moet wees van die nadele en gevare verbonde aan die biblioterapeutiese proses.

4.4.2 Wye leeservaring

Dit is belangrik dat die keurders 'n wye leeservaring moet hê sodat hulle gepaste leesstof kan selekteer. Kennis van bibliografiese hulpmiddele soos leesgidse is van kardinale belang. Die keurders moet ook sorg dat hul op hoogte bly van nuwe kinder- en jeugverhale (Cilliers 1990:67).

Matthews en Lonsdale (1992:35) wys ook daarop dat 'n wye leeservaring noodsaaklik is sodat die keurders kan waak teen boeke wat bloot geskryf word om in terapeutiese lysse te verskyn. Hierdie boeke het dikwels min of geen literêre waarde nie. Dit word ook dikwels geskryf deur diegene wat nie weet wat geskik is vir die biblioterapeutiese proses nie.

4.4.3 Kennis van die inhoud van die boek

Dit is baie belangrik dat die keurders nie net moet weet van die boek nie, maar dat hulle die hele boek moet lees. Indien hulle nie die hele boek gelees het nie, kan hul nie 'n intelligente keuse maak nie (Brown 1975:110; Cuddigan & Hanson 1988:x).

Wanneer keurders 'n boek kies waarvoor hul net 'n oppervlakkige kennis het, kan daar baie probleme opduik. Die leesvlak van die boek kan byvoorbeeld bo die kind se vermoë wees. Dit kan selfs gebeur dat dit nie geskik is vir die probleem nie.

4.4.4 Kennis van die leser

Dit is baie belangrik dat die keurders boeke kies met 'n spesifieke leser of lesersgroep in gedagte (Brown 1975:109).

Keurders moet voordat hul begin met die keuring van boeke sorg dat hul genoegsame inligting van die lesers bekom. Die inligting kan bekom word deur middel van gesprekke met ouers, onderwysers, sielkundiges en of biblioterapeute. Gesprekke met ouers, onderwysers of sielkundiges moet geskied in noue samewerking met en goedkeuring van die biblioterapeut. Hierdie gesprekke kan selfs vervang word deur 'n enkele gesprek met die biblioterapeut. Biblioterapeute kan natuurlik ook self optree as keurders indien hulle oor genoegsame kennis beskik van kinder- en jeuglektuur. Dit is duidelik dat spanwerk baie belangrik is tydens die biblioterapeutiese proses.

Die keurder moet die volgende kennis met betrekking tot die leser hê:

- probleem van die leser
- chronologiese ouderdom van die leser
- opvoedkundige agtergrond van die leser
- leesvlak en -vermoë van die leser
- ontwikkelingstadium van die leser
- behoeftes van die leser
- belangstellings van die leser
- ervaringsveld van die leser
- godsdienstige en kulturele waardes van die leser.

Daar moet te alle tye onthou word dat alle boeke nie geskik is vir alle kinders nie, selfs al is dit 'n puik boek.

4.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar aangedui dat die twee belangrikste elemente waarvoor daar kriteria gestel moet word die leser en die leesstof is.

Die kriteria vir die leser is essensieel by die keuse van die leesstof, want daarsonder kan die keurder nie 'n geskikte boek kies vir die biblioterapeutiese proses nie. Hierdie kriteria vir die leser vorm die vertrekpunt vir keurders.

Kriteria vir leesstof maak dit duidelik dat die keurder 'n deeglike kennis van beskikbare leesstof moet hê. Die keurders sal basiese inligting oor elke boek moet bekom, maar hulle sal ook elke boek volgens literêre kriteria moet beoordeel. Hierdie literêre kriteria word deurgaans gefokus op die doel van die biblioterapeutiese proses.

Die ontleding van kriteria toon duidelik dat die keuringsproses nie volmaak is nie en dat selfs 'n puik boek in sommige gevalle nie geskik sal wees nie. Die unieke aard van die individu en die probleem waarvoor die boek geselekteer word, word beklemtoon.

Kriteria word ook gestel vir die keurder, want die biblioterapeute sal hul dikwels moet verlaat op ander om die keuring van die boeke te doen. Dit is belangrik dat die keurder aan sekere vereistes moet voldoen.

Hoofstuk 5 sal handel oor kinders se ervaring van verlies tydens egskeiding. Ten einde die toepassing van die kriteria wat hierbo geïdentifiseer is, te illustreer, sal vier boeke beoordeel word volgens die literêre kriteria wat bespreek is. Die keuse van die vier boeke word beïnvloed deur die geweldige verskil in ontwikkeling tussen kinders van agt jaar, wat pas met gemak begin lees het, en die van elf jaar wat hul bevind op die vooraand van hul adolessentjare of waarvan sommige elf-jariges dit reeds betree het.